BELEGGINGSEMINAAR

INVESTEC & BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

UITGAWE 75
APRIL 2009

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

BELEGGINGSEMINAAR:

Om te bespreek skakel Brenthurst Wealth:

☎ **RSVP ANTJE:**

JHB: (011) 799-8100
CT: 0861 799 8000

reception@brenthurstwealth.co.za

SPREKERS:

- **CLYDE ROSSOUW**
  INVESTEC

- **MAGNUS HEYSTEK**
  BRENTHURSTWEALTH

www.brenthurstwealth.co.za

MARKTE BY DRAAIPUNT?

Met Suid-Afrika se vierde demokratiese verkiesing en al die vakansiedae nou agter die rug het ons die punt bereik waar ons die beleggingsmarkte op 'n ernstige trant in oënskou moet neem.

Wêreldmarkte het sedert 6 Maart vanjaar 'n kragtige oplewing begin toon op die rug van bemoedigende tekens dat die ergste van die globale ekonomiese krisis moontlik iets van die verlede kan wees.

Terselfdertyd word dit in die vooruitsig gestel dat rentekoerse verder verlaag kan word, wat beleggings op die geldmark minder aantreklik sal maak.

Die dryfveer agter langtermynsukses op beleggingsmarkte is die waardasies waarteen beleggings gemaak word en hierdie is dan ook die tema van ons volgende seminaar wat sal plaasvind op 6 Mei 2009 by die Investec hoofkantoor in Sandton. Mnr. Clyde Rossouw, een van Suid-Afrika se top fondsbestuurders in Suid-Afrika, sal optree as gasspreker. Hy is dan ook die persoon wat vir die afgelope tien jaar verantwoordelik was vir die suksesvolle bestuur van die top-presterende "Investec Opportunity Fund".
Tot voordeel van ons kliënte in en rondom die Moederstad sal hierdie seminaar ook in Kaaptstad aangebied word op 14 Mei 2009.

JOHANNESBURG SEMINAAR:

Datum:	**6 Mei 2009**
Tyd:	**15:30 vir 16:00.**
Plek:	**Investec Hoofkantoor, Graystonrylaan 100 Sandton.**

KAAPSTAD SEMINAAR:

Datum:	**14 Mei 2009**
Tyd:	**15:30 vir 16:00.**
Plek:	**Investec Gebou, Foreshore, Kaapstad**

SPREKERS:

- **CLYDE ROSSOUW**
- **MAGNUS HEYSTEK**

Ons hier by Brenthurst Wealth is van mening dat die uiters ongunstige markte van die afgelope sewe maande of wat n uitsonderlike geleentheid vir langtermynbeleggers wat met 'n breë visie verby die huidige onbestendigheid kan kyk, geskep het.

Ons wil 'n beroep doen op alle kliënte asook enige ander voornemende beleggers om een van bogenoemde seminaars by te woon om sodoende baat te vind daarby.

Geen fooie sal gehef word nie en versnapperings en tee/koffie sal bedien word.

Ons sal dit op prys stel indien u hierdie uitnodiging onder u vriende en familie se aandag sal bring, indien hulle moontlik sou belangstel.